

In Memoriam

Mnr Nicolaas Andries Blanckenberg is Sondag 24 Julie 1988, in Huis Ametis in die Strand oorlede. Hy was 84 jaar oud.

Mnr. Blanckenberg was 'n bekende langs die Kaapse Weskus. Hy het groot geword op die plaas Olifantskop naby Langebaan, en het ook later as inspekteur van skole 'n groot deel van sy lewe gewy aan die bevordering van onderwys in dié streek. Baie oud-studente, onderwysers, kinders en vriende sal hom ophou as die “waardige ou witkop” van die Weskus, soos hulle hom in liefde en waardering genoem het.

As jong onderwyser was hy eers werksam op Beaufort-Wes en Noupoort, voordat hy hoof geword het van die Middelbare Skool op Cookhouse. Darna was hy hoof van die Oefenskool op Graaff-Reinet, voordat hy dosent en vise-reaktor aan die onderwyserskollege daar geword het.

Nadat hy uit die onderwys getree het, het hy hom weer op Langebaan gevestig, waar hy hom gewy het aan sy groot liefde: die vertaling van Latynse poësie in Afrikaans.

Eers is die **Landelike Poesie van Vergilius (Bucolica Georgica)**, gepubliseer en daarna die heldedig **Van Wapens en 'Man (Aeneïs)**. Vir beide vertalings het hy die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se toekenning vir vertaalde werk ontvang.

Hiermee is sy belangrike bydrae tot die Afrikaanse letterkunde erken. Gedurende sy laaste jare in outehuse in Somerset-Wes en die Strand was hy nog besig met die vertaling van die **Belydenisse van die Kerkvader Augustinus**.

Met mnr. Blanckenberg verloor die Weskus een van sy beminde figure. Nie net was hy die laaste broer van 'n bekende Voorbaaise familie nie, maar ook een van die laaste skakels met die verlede, met 'n Weskus wat was.

Die ou man van Langebaan wat allenig loop / oor die strand van die lae see sal lank onthou word deur baie mense.

Mnr. Blanckenberg was getroud met mej. Edna Paterson en nadat sy hom ontval het, met Ada Ferreira. Hy word oorleef deur sy seun Angus, skoondogter Ursula en drie kleinkinders.

Obituary by M.M. Walters in Die Burger, 2.8.1988